higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT(BEROEPSGERIG

TOERISMEWETENSKAP
NQF VLAK 3

(11011043)

14 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Reisagentskappe en toeroperateurs is die vernaamste tussen-gangers in die toerismesektor.

1.1.2 Toeriste koop pasklaar pakkettoere by toeroperateurs.

1.1.3 Natuurlike bronne soos standbeelde word deur mense opgerig.

1.1.4 'n Plaaslike munisipaliteit het magtiging om reëls oor die bedryf van 'n besigheid op te stel en af te dwing.

1.1.5 Demografie is die studie van die menslike bevolking.

1.1.6 Handelaars koop goedere teen 'n hoër prys en verkoop dit aan verbruikers teen 'n laer prys.

1.1.7 Verkopers van kunsvoorwerpe is 'n voorbeeld van die teikenmark van 'n besigheid.

1.1.8 Besigheidseienaars moet hul werknemers vir werkloosheids-versekering by die Departement van Arbeid registreer.

1.1.9 Simbole op 'n kaart dui geboue of plekke langs die pad aan.

1.1.10 Gesondheidskwessies is 'n groot bekommernis vir reisigers.

(10 × 1) (10)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf net die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die skaal toon 'n lyn wat onderverdeel is om die afstand tussen twee voorwerpe aan te dui

1.2.2 Die skaal verduidelik die verhouding tussen die kaart en die grond

1.2.3 Die skaal gee 'n vergelyking van die afstand op die kaart met die werklike afstand

1.2.4 'n Persoon wat kaarte teken

1.2.5 Word gebruik om al die besonderhede van 'n klein streek op 'n kaart te toon

(5 × 1) (5)

1.3 Watter impak het die volgende konsepte van 'n besigheidsomgewing op die toerismebedryf? Staaf jou antwoord met voorbeelde.

1.3.1 Tegnologiese omgewing

1.3.2 Sosiale omgewing

1.3.3 Politieke omgewing

1.3.4 Ekonomiese omgewing

(4 × 5) (20)

1.4 Kies 'n term uit KOLOM A wat by 'n verduideliking in KOLOM B pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Herwinningsinisiatiewe	A	oefening
1.4.2	Dwelm- en alkohol-misbruik	B	kinders wat alleen reis
1.4.3	Onvergeselde minderjarige	C	eerste demokratiese verkiesings
1.4.4	Gesonde leefwyse	D	omgewingsbewustheid
1.4.5	Politieke veranderings	E	sosiale probleme

(5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 2

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Jy werk vir Omo Reisagentskap in Johannesburg as 'n reiskonsultant. Mnr Mokoena bel jou om 'n toerpakket vir hom te reël. Hy wil hê dat jy hom raad gee oor motorhuur. Hy sal die motor by OR Tambo Internasionale Lughawe neem en dit by Maseru Lughawe in Lesotho terugbesorg.

2.1 Beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 Wat is die vereistes waaraan mnr Mokoena moet voldoen voordat hy 'n motor kan huur? (4)

2.1.2 Hoe oud moet jy wees voordat jy toegelaat word om 'n motor te kan huur en waarom? (2)

2.1.3 Kan Mnr Mokoena toegelaat word om 'n motorhuur namens iemand anders te bespreek? Staaf jou antwoord. (2)

2.1.4 Hoe kan hy die goedkoopste motorhuurtransaksie vind? (2)

2.1.5 Waarna moet hy oplet wanneer hy 'n motor kies? (2)

2.1.6 Noem TWEE maniere waarop jy 'n motor kan huur. (2)

2.2 Gee mnr Mokoena raad oor die volgende veiligheidsvoorsorgmaatreëls wat hy in gedagte moet hou wanneer hy reis:

2.2.1 Verkeerslig is buite werking

2.2.2 Berging van waardevolle items soos skootrekenaars in die motor

2.2.3 Die motor raak onklaar

2.2.4 Hy verdwaal en moet rigting vra

2.2.5 Ander veiligheidsmaatreëls wat hy moet nakom

(5 × 2) (10)

2.3 Toerisme lewer 'n groot bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Beantwoord die volgende vrae om mense aan te moedig om ons land te besoek:

2.3.1 Stel 'n lys van AGT aantreklike eienskappe van Suid-Afrika saam wat toeriste sal aanmoedig om die land te besoek. (8)

2.3.2 Gee VYF voorbeelde van besigheidsgeleenthede in toerisme wat Suid-Afrikaners kan ontgin om selfwerksaam te wees. (5)

2.3.3 Noem DRIE voorbeelde van vervoer in die toerismebedryf. (3)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

SAL SA SE NUWE PRESIDENT GOED WEES VIR TOERISME?

15 Feb 2018 – deur Kylie Granat

Die toerismebedryf het positief gereageer op Suid-Afrika se onlangse politieke veranderinge toe Jacob Zuma as staatshoof bedank het en Cyril Ramaphosa as die land se nuwe president ingesweer is.

Na nege jaar in die amp het Zuma op Woensdagaand (14 Februarie) tydens 'n lewendige uitsending sy bedanking ingedien.

Ramaphosa is soos 'n vars briesie, veral vir die toerismebedryf, het James Vos, LP – skadu-minister van Toerisme opgemerk, wat noem dat hy beoog om nou met die nuwe president saam te werk om te verseker dat toerisme hoog op die regering se agenda is.

Toerisme is 'n groot werkgewer en dit hou voordele vir die ekonomie in, dus behoort dit 'n prominente plek op Ramaphosa se agenda in te neem sê Sean Kritzinger, mede-eienaar en direkteur van Giltedge.

Volgens Kritzinger verwelkom die bedryf die huidige veranderings in die regering aangesien dit waarskynlik tot meer beleggings en meer toeriste sal lei, veral as wat die rand nie met meer as 15 tot 20 persent verstewig nie. Hy sê voorts: 'Ons bedryf het oor die afgelope vyf jaar baie duurder geword in rand, dus sal ons oral pryse moet verlaag indien ons geldeenheid met meer as 'n aanvaarbare marge versterk.'

Hy glo dat SA se handelsnaam en sy posisie internasionaal sal verbeter. 'Indien Ramaphosa voortgaan om die regte mense in die regte portefeuljes, soos Eskom se Raad, aan te stel, sal dit 'n diepgaande uitwerking hê.'

Vos brei hierop uit en sê dat, wat die internasionale persepsie betref, Ramaphosa 'n baie meer geloofwaardige persoon as Zuma is, en dat die onlangse politieke veranderinge 'n beduidende hoeveelheid belangstelling, plaaslik sowel as internasionaal, uitgelok het. 'As die politiek sleg is, het dit 'n direkte uitwerking op mense se reispersepsies. Daar is nou 'n gevoel van optimisme wat toerisme betref, want mense wil 'n land besoek waar daar gesonde politiek is.'

Hy beklemtoon egter die feit dat die nuwe president seker moet maak dat hy sake met daadwerklike optrede teen 'n toenemende tempo deurvoer, anders kan dit meebring dat Suid-Afrika toerisme-geleenthede misloop.

Vos sê besoekers word beleggers en die toerismebedryf moet baie soos 'n natuurlike bron bewaar word, want dit is soos goud en het monetêre waarde.

'Ek sien daarna uit om saam met hom (Ramaphosa) te werk, aangesien hy reeds onderhandelings met toerisme gehad het (Voorsitter Inter-Ministeriële Komitee),' sluit Vos af.

Kopiereg voorbehou

3.1 Volgens die artikel sal die onlangse verandering van presidentskap in Suid-Afrika 'n positiewe uitwerking op die toerismebedryf hê.

Bepreek kortliks hoe die positiewe politieke verandering ons land tot voordeel sal strek. Gee voorbeelde om jou antwoord te staaf. (5)

3.2 Bespreek die volgende stelling:

'Wanneer 'n land onstabiel is, het dit 'n direkte uitwerking op mense se reispersepsies.' (5)

3.3 Noem VYF wette wat 'n uitwerking op toerisme-ondernemings het. (5)

3.4 Bespreek die volgende stelling wat deur Vos in bo staande artikel gemaak is:

'Besoekers word beleggers en die toerismebedryf moet baie soos 'n natuurlike bron bewaar word, want dit is soos goud en het monetêre waarde.' (5)

3.5 Noem VYF kenmerke wat toon dat die ekonomie van 'n land besig is om te groei. (5)

3.6 Gee 'n woord/term vir elk van die onderstaande. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (3.6.1–3.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.6.1 Geld wat in daardie land gebruik word

3.6.2 Geld wat sy waarde verloor

3.6.3 Die verskil in waarde tussen die geldeenhede van twee lande

3.6.4 Totale getal mense wat in 'n spesifieke geografiese gebied woon

3.6.5 Potensiële klante vir 'n besigheid

(5 × 1) (5)

3.7 'Wanneer die vraag na goedere hoog is, word pryse opgeblaas ('inflated')'.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gee 'n voorbeeld om die antwoord te staaf. (5)

3.8 Identifiseer DRIE bronne wat gebruik kan word om na inligting oor selfwerksaamheid te soek. (3)

3.9 Wanneer 'n vergadering gereël word, noem die mense wat verantwoordelik is om die volgende dokumentasie op te stel:

3.9.1 Kennisgewing

3.9.2 Agenda

(2 × 1) (2)

[40]

VRAAG 4

4.1 Suid-Afrika speel gedurende die jaar gasheer oor verskeie geleenthede regoor al nege provinsies. Noem die plek en soort geleentheid van die volgende:

NAAM VAN GELEENTHEID		SOORT GELEENTHEID	PROVINSIE
4.1.1	Bloemfonteinse Roosfees	A	B
4.1.2	Aardklop	C	D
4.1.3	Kaapse Klopse	E	F
4.1.4	Hostex	G	H
4.1.5	Standard Bank Joy of Jazz	I	J
4.1.6	Afrika Burn	K	L
4.1.7	Rhodes Roete Wedloop	M	N
4.1.8	The Grootste Treinresies	O	P
4.1.9	Opikoppi Fees	Q	R
4.1.10	Indaba	S	T

(10 × 2) (20)

4.2 Jy is die eienaar van 'n geleentheidsmaatskappy wat verantwoordelik is vir 'n groot sokkergeleentheid wat in jou provinsie gaan plaasvind.

Noem SES kritieke brokkies inligting wat op die advertensie moet wees wat jy aan verskillende mediamaatskappye gaan gee. (6)

4.3 Verduidelik wat 'n hoërisikoplek is wat nie geskik is vir aanbiedings van geleenthede nie. (4)

4.4 Verduidelik die funksies van die volgende inligtingsbronne sodra jy jou eie besigheid gestig het:

4.4.1 Webwerf

4.4.2 Brosjures

4.4.3 E-posadres

(3 × 2) (6)

4.5 Noem VIER nadele van 'n besigheid wat met vennote begin word. (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 Verskillende opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die regte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Gestig deur middel van 'n stigtingsverklaring en kan nie meer as tien lede hê nie:

A Vennootskap
B Alleenhandelaar
C Beslote Korporasie
D Private Maatskappy

5.1.2 Kamer vir vier persone met vier beddens en 'n bad:

A QADS
B QADB
C DUPLEX
D DBLB

5.1.3 Bestaan uit vrugtesap, roosterbrood, en rolletjies, konfyt en marmelade, tee en koffie:

A Kontinentale ontbyt
B A la carte
C Engelse ontbyt
D Gewysigde Amerikaanse Plan

5.1.4 Lys van items wat op 'n vergadering bespreek gaan word:

A Kennisgewing
B Notule
C Kontrolelys
D Agenda

5.1.5 'n Dokument wat produkte of dienste lys wat betaal moet word:

A Brief
B Faktuur
C Joernaal
D Ontvangsbewys

5.1.6 'n Deposito is nodig om ... te bespreek.

A 'n vlug
B 'n taxi
C huisvesting
D 'n bus

Kopiereg voorbehou

5.1.7 'n ... is 'n vorm wat by die reël van 'n geleentheid gebruik word en wat spesifiseer wat wanneer gedoen moet word en wie daarvoor verantwoordelik is.

A Kontrolelys
B Reisprogram
C Besprekingsvorm
D Program

5.1.8 ... is kos wat aan mense van die Joodse geloof voorgesit word.

A Halaal
B Vegetariese
C Diabetiese
D Kosjer

5.1.9 ... is die aanvaarbare spoedperk op nasionale paaie.

A 80 km
B 120 km
C 100 km
D 60 km

5.1.10 'n Suid-Afrikaanse bestuurderslisensie is vir ... geldig.

A 10 jaar
B 20 jaar
C 5 jaar
D 1 jaar

(10 × 1) (10)

5.2 Verduidelik wat mikro-omgewing beteken en gee toerismeverwante voorbeelde. (5)

5.3 Bespreek die volgende elemente van die markomgewing en gee EEN toerismeverwante voorbeeld vir elk:

5.3.1 Verbruikers

5.3.2 Verskaffers

5.3.3 Mededingers

5.3.4 Tussengangers

(4 × 5) (20)

5.4 Jy is die sekretaris van die geleentheidspan wat 'n huwelikstentoonstelling in jou stad moet reël.

Gebruik hierdie inligting om 'n kennisgewing van 'n vergadering vir alle spanlede op 10 Desember om 09:00 in die maatskappy se raadsaal, The Lions op te stel. (5)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou